

HEKEL PYNAPPELS!



BENODIGDHEDE: Ongeveer 3 bolle Coats Chain-Mercer Nr. 10 (20-g-bolle); hekelpen van 1,00 mm.

MATE: Ongeveer 45 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; dsl - dubbelslagsteek; gs - glipsteek; slgs - sluitglipsteek (= glipsteek om rondte mee af te sluit); sp(s) - spatie (spasies); osk - oop skulp (= twee langbene, drie kettingsteke en twee langbene in dieselfde steek of spatie); B(s) - bobbel (bobbels); (= garing oor hekelpen, steek hekelpen in spatie, trek vier lusse op uit dieselfde spatie, garing nogmaals oor hekelpen en trek dit deur agt van steke wat op hekelpen is, garing weer oor hekelpen en sluit laaste twee steke op hekelpen saam af); vlg - volgende.

Let Wel: Drie kettingsteke vervang altyd die eerste langbeen van 'n rondte.

AANWYSINGS: Die lappie bestaan uit 'n middelstuk wat uit sewe seshoekige motiewe bestaan wat een-een gehekel en dan aan-mekaar gehekel word, met 'n breë rand daaromheen.

SESHOEKIGE MOTIEF: Begin met 8ks,

slgs.

1e rondte: 3ks, 17lb.

2e rondte: 1lb en 1ks in elke lb.

3e rondte: *(2lb in vlg sp) 3 keer, 3ks; herh van * nog 5 keer.

Knip garing af en werk netjies af.

Hekel volgende ses motiewe op dieselfde manier, maar verbind hulle by die laaste twee driekettingsteeklusse aan vorige en middelste motief.

Hekel nou rondom seshoekige middelstuk soos volg:

1e rondte: *1kb in verbindingpunt tussen twee motiewe, (7ks, 1kb in vlg 3ks-lus), 7ks; herh van * rondom — 18 sps van 9ks elk.

2e rondte: *(9lb in vlg sp, 1lb in vlg kb) 2 keer, 9 lb in vlg sp; herh vanaf * nog 5 keer.

3e rondte: Slaan 1 st oor, *27 lb, slaan 2 ste oor; herh vanaf * rondom, maar eindig met slaan 1 st oor.

4e rondte: Slaan eerste steek van vorige rondte oor; (1lb, 2ks) 13 keer in elk van ses stelle van 27 langbene in rondte — 78 sps.

5e rondte: *(2lb in sp, 1lb in lb) 11 keer, 1lb in elk van vlg 2 sps; herh van * tot * 2 keer, (2lb in sp, 1lb in vlg lb) 11 keer, 1lb in lb tussen vlg 2 sps; herh van begin af nog een keer — 208lb in rondte.

6e rondte: 1lb, 2ks, slaan 1 st oor; herh nog 103 keer — 104 sps.

7e rondte: *osk in vlg sp, slaan 1 sp oor;

herh vanaf * rondom — 52 osk.

8e rondte: *osk in osk, 3 ks, 1kb in vlg osk, 7ks, 1kb in vlg osk, 3ks, osk in vlg osk; herh vanaf * rondom — 13 sps van 7 ks gevorm.

9e rondte: *osk in osk, 2ks, 8lb in 7ks-sp, 2ks, osk in vlg osk; herh rondom.

10e rondte: *osk in osk, 2ks, (1lb, 1ks) in vlg 7lb, 1lb in vlg lb, 2ks, osk in osk; herh vanaf * rondom.

11e rondte: osk in osk, 3ks, (1kb in vlg 1ks-sp, 3ks) 6 keer, 1kb in vlg sp, 3ks, osk in osk, 1ks; herh vanaf * rondom.

12e rondte: *osk in osk, 4ks, (1kb in vlg 3ks-sp, 3ks) 5 keer, 1kb in vlg sp, 4ks, osk in osk, 2ks; herh vanaf * rondom.

13e rondte: *osk in osk, 4ks, (1kb in vlg 3ks-sp, 3ks) 4 keer, 1kb in vlg sp, 4ks, osk in osk, 3ks; herh vanaf * rondom.

14e rondte: *osk in osk, 5ks, (1kb in vlg 3ks-sp, 3ks) 3 keer, 1kb in vlg sp, 5ks, osk in osk, 5ks; herh vanaf * rondom.

15e rondte: *osk in osk, 6ks, (1kb in vlg 3ks-sp, 3ks) 2 keer, 1kb in vlg sp, 6ks, osk in osk, 5ks, 1kb in 5ks-sp, 5ks; herh vanaf * rondom.

16e rondte: *osk in osk, 7ks, (1kb in vlg 3ks-sp, 3ks), 1kb in vlg sp, 3ks, osk in osk, (5ks, 1kb in vlg sp) 2 keer, 5ks; herh vanaf * rondom.

17e rondte: *osk in osk, 7ks, 1kb in vlg 3ks-sp, 7ks, osk in osk, (5ks, 1kb in vlg sp) 3 keer, 5ks; herh vanaf * rondom.

18e rondte: *osk in osk, 2ks, osk in osk, (5ks, 1kb in vlg sp) 4 keer, 5ks; herh vanaf * rondom.

19e rondte: *osk in osk, 2 keer; 5ks, (1kb in 5ks-sp, 5ks) 5 keer; herh vanaf * rondom.

20e rondte: *2lb in osk, 2ks, 2lb in vlg osk, 5ks, (1kb in vlg 5ks-sp, 5ks) 6 keer; herh vanaf * rondom.

21e rondte: osk in 2ks-sp, en in elk van sewe 5ks-sps; herh rondom.

22e rondte: osk in elke 3ks-sp in rondte — daar word nou 104 keer 2lb in rondte gehekel.

23e rondte: gs tot middel van vlg osk, draai; 6ks, 1lb in laaste osk-sp van vorige rondte, draai; 5lb in 6ks-sp, 3ks, 1kb in vlg osk, gs tot middel van vlg osk, 1kb, draai; 4ks, (1lb in vlg lb, 1ks) 2 keer, (1lb 1ks, 1lb) in vlg lb, (1lb, 1ks) in vlg lb, 1lb in laaste 1lb; draai; (1B in vlg 1ks-sp, 2ks) 4 keer, 1B in laaste 1ks-sp, 5ks, 1kb in vlg osk, gs tot daaropvlg osk, 1kb, draai; * 6ks, 1lb in 5ks-sp, 4ks, 1B in elke 2ks-sp van vorige rondte, draai; 3B bokant 4B, 4ks, 5lb in 6ks-sp, 3ks, 1kb in vlg osk, gs tot daaropvlg osk, draai; 4ks, (1lb in vlg lb, 1ks) 2 keer, (1lb, 1ks, 1lb) in vlg lb, (1lb, 1ks) in vlg lb, 1lb in laaste lb, 3ks, 2B bokant 3B, draai; 1B bokant 2B, 5ks, (1B in vlg 1ks-sp, 2ks) 4 keer, 1B in laaste 1ks-sp, 5ks, 1kb in vlg osk, gs tot vlg osk, 1kb, draai; * herh van * tot * rondom.

24e rondte: *(3ks, 4dsl-tr) 3 keer in die 5ks-sps van vorige rondte, 1kb in sluitsteek van volgende bobbel, (3ks en 2lb saam deurgetrek in spasies tussen die bobbel van vorige ry) 3 keer, 1kb in sluitsteek van bobbel aan punt van motief; herh vanaf * tot einde van rondte.

Knip garing af en werk netjies af.